

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 18

[HEERSKAPPY]

WANOPVATTINGS M.B.T. DIE SOEK VAN DIE LEIDING VAN GOD

Dikwels vind Christene dit moeilik om God se wil te ken of te begryp. Die volgende wanopvatting m.b.t. soek na God se leiding sal ons help om God se wil beter te ken en te begryp.

1. Jy vind dit moeilik om God te vertrou.

(1) Die wanopvatting.

Ek het my oorgegee aan God se wil, maar dit het gelei tot opoffering en lyding. Daarom kan ek God nie meer vertrou nie.

(2) Regstelling.

Omdat ons almal leef in 'n gebroke wêreld vol gebroke mense, sal lyding Christene en nie-Christene tref. Vir Christene eindig die lyding eers by die wederkoms van Christus (Openbaring 21:4-5). Veral mense wat uit gesinne kom waar misbruik en gebrokenheid geheers het, vind dit moeilik om God as Vader te vertrou. Hulle beeld van God die Vader is skeep getrek deur die wangedrag of die afwesigheid van hulle aardse vader.

Maar in die Bybel sien ons dat God die Vader heeltemal anders is as aardse vaders. "Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk. Die Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word. Aan Moses het Hy sy wil bekend gemaak, aan Israel wat Hy van plan was om te doen. Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien. Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is (Psalm 103:3-14). "Die Here jou God, Hy alleen is God, die Here: die groot God, die magtige, wat wonderdade doen, wat vir niemand partydig is nie en ook nie omkoopgeld aanneem nie. Hy laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. Hy het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en kleres" (Deuteronomium 10:17-18). Let veral op dat God die swakkes en vreemdelinge in beskerming neem. Vervang jou vrees vir wat sou kon gebeur met herinneringe aan die mooi en wonderlike dinge wat God al in die verlede vir/aan jou gedoen het en met sy beloftes wat Hy in die toekoms aan jou sal doen. Bv., "Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom (Filippense 1:6).

2. Jy het God vir 'n teken gevra of jy het 'n teken van God ontvang.

(1) Wanopvatting.

Ek het 'n teken van God gekry en daarom weet ek dat hierdie saak die wil van God is.

(2) Regstelling.

In Rigters 6:11-22 het God eers deur 'n engel 'n opdrag aan Gideon gegee: hy moes eers Israel bevry van die Baäl afgodery en daarna van die Midianiete. Eers ná die opdrag van God het Gideon 'n teken van God gevra, nie om Gods leiding te soek nie, maar om Gods opdrag te bevestig! Op 'n soewereine wyse het God deur die engel aan hom 'n teken gegee: vuur het uit 'n rots gekom en vleis en brode daarop verteer. M.a.w., die vra van 'n teken was nie vir enigiets willekeurigs van die kant van die mens nie, maar was om 'n gegewe opdrag van God te bevestig! Christene sou beter doen om te wag om God om 'n teken te vra, eers as Hy aan hulle 'n spesifieke opdrag gegee het.

In Rigters 6:36-40 het Gideon God tweemaal gevra om sy vorige leiding met nog twee tekens te bevestig: eers moes die vel wol nat wees van die dou, terwyl die grond rondom droog bly. Daarna moes die vel wol droog bly terwyl die grond rondom nat van die dou geword het.

- God het eers die opdrag gegee.
- Daarna besluit God watter teken Hy sou gee ter bevestiging van sy opdrag.
- Toe Gideon uit kleingelowigheid God se opdrag nog tweemaal wil bevestig hê, het God vir hom nog twee tekens gegee.

Hierdie drie tekens was unieke bonatuurlike handeling m.b.t. God se heilsgeskiedenis met sy volk Israel en nie as 'n geestelik beginsel vir Christene om God vir 'n teken vir enigiets willekeurigs in hulle persoonlike lewe te vra nie.

In Genesis 24:12-14 vra die slaaf van Abraham vir God vir 'n teken watter meisie die vrou van Isak sou word. In dié geval stel die slaaf self die aard van die teken voor. Die meisie sou hom water gee om te drink en ook aanbied om sy kamele water te gee om te drink. Maar let daarop, die teken wat die slaaf van God gevra het is nie net deur God bevestig nie, maar moes ook deur die vader van die meisie (vers 50-51) en daarna deur die meisie self (vers 57-58) bevestig word! As Christene vandag God se leiding m.b.t. persoonlike sake wil beperk tot die vra van 'n willekeurige teken van

God, dan word die vra van 'n teken 'n bedekte poging om 'n bepaalde handeling tot die persoon se eie voordeel te manipuleer. Dan gaan christene meer tyd bestee aan die vra van tekens (dat God bepaalde omstandighede vasstel) as om hulle te verdiep in God se Woord (die Bybel).

3. Jy dink dat jy moet wag totdat jy 'n roeping van God ontvang.

(1) Wanopvatting.

Ek moet wag tot God my roep en dan eers kan ek God dien.

(2) Regstelling.

Christene wat God voltyds in 'n geestelike bediening wil dien (bv. sendeling) hoef nie 'n meer besondere roeping van God te ontvang as 'n Christen wat God voltyds in 'n gewone sekulêre beroep wil dien nie (bv. onderwyser).

Die Bybel sê, “Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet. Doen wat jy goetvind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekenskap sal eis oor alles nie” (Prediker 11:9). “Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooe. Dit is wat van die mens gevra word” (Prediker 12:13). “En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom” (Kolossenzen 3:17). “Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie” (Kolossense 3:23).

As ons onself aan God en sy Woord onderwerp, sal ons gedagtes, verlange, behoeftes, ervarings en opleiding ons lei en roep tot die juiste en geskikte lewenstaak. Manne met 'n sterk verlange om 'n leier te wees (1 Timoteus 3:1) en voldoen aan die Bybelse vereistes vir 'n leier (1 Timoteus 3:2-7; Titus 1:5-9) hoef nie te wag op 'n addisionele en spesifieke roeping van God soos die van Moses (Eksodus 3:1-12) of van die dissipels van Jesus (Matteus 4:17) om 'n christelike taak, selfs 'n voltydse christelike taak, op hom te neem nie. Hulle moet hul hartsverlange opreg en ywerig nastreef solank as wat God hulle toelaat. As God ander planne vir hulle het, sal Hy dit laat gebeur (vergelyk Handeling 15:36-41 met Handeling 16:1-3)! As die taak wat hy verlang is om deel van die leierskap van die gemeente te wees, moet die gemeente natuurlik hom eers daartoe roep. Hy kan nie homself as leier van die gemeente aanstel nie.

'n Roeping het drie elemente:

- die Woord van God
- die leiding van Gods Gees in jou hart
- en die uitnodiging (beroep) van die kant van die gemeente.

Die belangrikste is om te onthou dat ons persoonlike verhouding tot God en nie ons roeping nie, die ware bron van die sin en die vervulling van die lewe is. Selfs die mees indrukwekkende roeping is sinloos as dit gebeur sonder om God te soek!

4. Jy het vrede in jou hart.

(1) Wanopvatting.

Ek het vrede in my hart en daarom weet ek dat hierdie saak die wil van God is.

(2) Regstelling.

Vrede in ons gevoelens is 'n gevoel dat ons handeling in ons eie oë reg is.

Maar gevoelens van vrede in ons hart is nie altyd 'n goeie aanduiding van God se leiding nie. As ons “vrede” beskou as 'n gevoel wat vry is van vrees, bange vermoedens (twyfel) of konflik nadat ons 'n besluit geneem het, dan is die soort van vrede NIE altyd 'n aanduiding van God se leiding nie! Godgegewe vrede kan nie gereduseer word tot rustige gevoelens of 'n gevoel dat jy reg is.

Vrede in ons verhouding met God is 'n kalm vertrouwe dat ons handeling in God se oë reg is.

Selfs geestelik gesonde beslissings kan 'n groot angs laat ontstaan, net omdat die gevolge van die beslissings so ernstig is. Bv., om op te kom teen korrupsie of op te tree teen onreg kan mens slapelose nagte besorg waarin ons worstel met die gedagtes oor die gevolge.

In die Bybel is “vrede” byna altyd verbind aan ons verhouding met God.

• **Vrede in ons verhouding tot God Self.**

“God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus” (Romeine 5:1). Alleen geloof in die verlossingswerk van Jesus Christus wat Hy in ons plek volbring het, kan vrede in ons verhouding met God bring. “Vrede” is hier die diepe sekerheid (wete) en rus dat jy vir ewig 'n kind van God geword het.

• **Vrede in ons verhouding tot God se Woord.**

“Wie reg doen (letterlik: “Die vrug van geregtigheid” i.e. die gevolge van doen wat reg is in die oë van God), sal vrede hê; wie volhard in reg doen, sal vir altyd rus en tevredenheid geniet” (Jesaja 32:17). “Vrede” is hier 'n kalm vertrouwe op God, sy Woord en sy leiding deur sy Woord en sy Gees ten spyte van onsekerheid en emosionele onstuimigheid oor wat God van jou vra of die teenstand van mense. Dit is nie die vrede in my gevoelens nie, maar die vrede in my verhouding tot God wat 'n goeie aanduiding is van God se leiding in my lewe.

• **Vrede in ons verhouding tot omstandighede.**

(NIV:) “U gee volmaakte vrede aan hom wie se denke standvastig bly, omdat hy op U vertrou. Vertrou altyd op die Here, want die Here God is ’n veilige toevlug (letterlik: ’n ewige Rots)” (Jesaja 26:3-4). “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is” (Romeine 8:28). “Vrede” is hier ’n kalm vertroue in God se soewereiniteit en goedheid wat daarvoor sorg dat gebeurtenisse en omstandighede saamwerk om God se beste plan vir ons lewe te laat gebeur. Hierdie vrede is die vrug van die Heilige Gees (Galasiërs 5:22).

5. Jy het ’n Bybelvers van God ontvang.

(1) Wanopvatting.

Ek het ’n Bybelvers van God ontvang en daarom weet ek dat hierdie saak die wil van God is.

(2) Regstelling.

Soms lei God ons deur ’n spesifieke Bybelvers wat presies aansluit by ons omstandighede. En soms bevestig God met ’n Bybelvers die leiding wat Hy al op ’n ander manier gegee het. Maar ons moet die subjektiewe element in hierdie vorm van God se leiding goed begryp.

Die subjektiewe element in die soek na God se leiding d.m.v. ’n Bybelvers.

Ons moet onself afvra:

- Is dit God wat met my praat, of laat ek ’n Bybelvers sê wat ek graag wil hoor?
- Bevestig die ander beginsels van die soek van God se leiding my indruk of twyfel ek juis of my indruk korrek is?
- Soek ek maar net na Bybelverse wat uit die Bybel spring en my verlange bevestig of oorweeg ek die onderwysing van die Bybel as geheel?
- Misbruik ek die Bybel as ’n horoskoop en as ’n vinnige metode om die wil van God te soek of lê ek die Bybel noukeurig uit en probeer ek vasstel wat God wil hê dat ek moet weet, glo wees of doen?

Soms vind mense beloftes in Bybelverse en lê dit uit as sekerhede m.b.t. toekomstige gebeurtenisse. Maar as sake dan in die werklike lewe anders verloop as wat verwag is, word hierdie mense mismoedig, begin twyfel of die Bybel wel betroubaar is of neem God kwalik dat Hy sy sogenaamde belofte nie hou nie. Hulle wil nie begryp dat hulle die Bybel misbruik het en verkeerdlik aanspraak gemaak het op spesifieke Bybelverse as beloftes van God.

Die objektiewe element in God se leiding soek d.m.v. ’n Bybelvers.

Twee belangrike vrae help ons om die Bybel (profesieë, beloftes, dreigemente, bevele, ens.) korrek uit te lê:

- Tot wie rig God Hom in die Bybelgedeelte? Is die Bybelgedeelte bedoel:
 - vir “alle mense” (bv. Markus 1:15) of vir “almal in die teksverband” (bv. Handeling 17:7, vergelyk vers 11-14 en Markus 10:21)
 - vir ’n spesifieke groep mense (bv. Jesaja 6:8-10; Matteus 8:11-12)
 - vir ’n spesifieke periode (bv. Genesis 17:9-14 en Galasiërs 6:12-15; vergelyk Hebreërs 9:6-10 en 10:1-4)
 - of vir ’n spesifieke situasie (bv. Jeremia 18:1-17 en Esegïel 33:11-20; vergelyk Openbaring 2:7)?
 - Waar lê die klem in die Bybelgedeelte?
 - Op onderrig of ’n leerstelling wat ons moet glo (bv. Johannes 14:6)?
 - Op ’n bevel van ’n handeling wat ons moet doen/gehoorsaam (bv. Johannes 13:34-35)?
 - Op ’n gebeurtenis in die geskiedenis wat nagevolg mag word of nie nagevolg mag word nie (bv. Handeling 17:11)?
- Natuurlik mag ’n slegte voorbeeld nooit nagevolg word nie, maar ’n goeie voorbeeld mag nagevolg word, sonder dat dit ander mense dwing om dit ook na te volg.

6. Jy het ’n droom of visioen van God ontvang.

(1) Misvatting.

God het aan my ’n droom gegee en daarom weet ek dat hierdie saak die wil van God is.

(2) Regstelling.

Nie jý nie, maar God bepaal hoe Hy jou lei.

God lei mense soms op wonderbaarlike maniere. Hy het Israel gelei d.m.v. ’n wolk en ’n vuurkolom (Eksodus 13:21). Hy het ’n profeet d.m.v. ’n donkie wat praat gelei (Numeri 22:21-33) en Hy het wyse manne d.m.v. ’n bewegende ster gelei (Matteus 2:1-11). Hy het Maria gelei d.m.v. ’n besoek van ’n engel (Lukas 1:26-38) en Josef d.m.v. ’n droom (Matteus 1:20-21; Matteus 2:13-14). Hy het Petrus en Kornelius d.m.v. visioene gelei (Handeling 10:1-6,9-16).

Maar tog het geen van bogenoemde mense vir ’n teken gevra nie! God het elkeen van hulle gelei soos Hy dit goed gevind het. As God in sy wysheid weet dat jy een of ander wonderbaarlike leiding van Hom nodig het, dan sal Hy dit sekerlik gee. Maar as jy voortdurend daarop uit is om God se leiding d.m.v. skouspelagtige en dramatiese maniere te soek, sal jy waarskynlik God se normale manier van kommunikasie met jou d.m.v. sy Woord in die Bybel misloop!

Wanneer jy dink dat jy op ’n buitengewone manier gelei word, moet jy hierdie leiding op die proef stel.

As jy wel 'n droom of visioen ontvang, moet jy hierdie droom of visioen op die proef stel met die duidelike objektiewe bevels, verbodings en onderrig in die Bybel. Wat God ook al openbaar d.m.v. 'n droom of visioen sal nooit in stryd wees met wat God in die Bybel geopenbaar het nie! As dit wél in stryd is met die Bybel, dan kom hierdie droom of visioen nie van God nie (vergelyk Jeremia 23:16,18,21-22,25-29).

7. Jy dink dat God besig is om jou te straf.

(1) Wanopvatting.

Omdat daar slegte dinge met my gebeur, moes ek wel 'n verkeerde besluit geneem het of iets verkeerd gedoen het. Ek lei af dat God my straf omdat ek nie Sy wil gedoen het nie.

(2) Regstelling.

Waarom gebeur slegte dinge met goeie mense?

Wat kan jy doen as jy besef dat jy God se leiding nie gevolg het nie?

Soms ly Christene a.g.v. hulle eie sondes.

Wanneer ons daad, woorde en houding teenoor God se geopenbaarde wil in die Bybel staan, kan onaangename dinge gebeur. Alleen deur ons moedwillige sondes te bely en ons daarvan te bekeer, sal ons omgang met God weer herstel word (1 Johannes 1:9). Maar dit sal nie noodwendig alle slegte gevolge van ons verkeerde besluit of ongehoorsaamheid uit die weg neem nie (vergelyk Dawid se sonde met Batseba in 2 Samuel 11, sy bekering en berou in 2 Samuel 12:1-13 en tog die dramatiese gevolge van sy sonde in 2 Samuel 12:14-23 en 2 Samuel 13).

Maar as ons volhard om vertroulik met God om te gaan en toegewyd bly om Sy Woord in die Bybel te gehoorsaam, dan is dit baie moeiliker as wat ons dink om nie God se wil te doen nie.

Tog gebeur daar slegte dinge met goeie mense en christene.

Ons leef in 'n sondige wêreld, vol gebroke mense. Moeilikhede, probleme, verdrukking, vervolging, pyn en lyding kom oor beide Christene en nie-Christene (Genesis 3:16-19). Christene word siek (2 Korintiërs 12:7-10; 2 Timoteus 4:20) en ook hulle verloor hulle werk. Christene voel die pyn wanneer 'n familielid sy rug op God draai (Matteus 23:37). Christene ly onder beproewings en versoekings (Jakobus 1:2-4) of ook in verdrukking en vervolgings (Matteus 5:11-12; 2 Timoteus 3:12).

Die boek Job vertel hoe gelowiges kan ly. Aanvanklik het Job gedink dat God gelowiges seën en ongelowiges straf. Uiteindelik besef hy dat sy beeld van God verkeerd was en dat hy daarom nie God se doel en God se weë kon begryp nie. Job het begin besef dat God absoluut soewerein is en dinge laat gebeur of doen alleen omdat Hy God is. God se soewereine bedoelings m.b.t. die lyding van mense, selfs die lyding van sy gehoorsame volgelinge, is volmaak, of hulle dit kan begryp of nie. Job het verklaar: "Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit" (Job 42:2). Eers in die hemel sal ons weet dat daar 'n rede was vir elke gebeurtenis in die lewe.

Maar God is nie net soewerein nie. Hy is ook heilig, regverdig, barmhartig en liefdevol. Hy het belowe dat alle dinge ten beste meewerk vir die mense wat 'n persoonlike verhouding met Hom het (Romeine 8:28).

Selfondersoek is dus belangrik, maar wanneer omstandighede rondom ons ineens stort, hoef ons nie paniekerig te wees en te dink dat ons nie meer besig is om God se leiding te volg nie. Dan kan ons met Jesus Christus praat in gebed: "Vader, laat nie my wil gebeur nie, maar laat U wil gebeur" (Matteus 26:39). En God sal sy volmaakte wil laat geskied! Wanneer ons ongeag ons omstandighede volhard om God se wil te doen en mense lief te hê, kan ons met 'n geruste hart sê, "God is groter as ons gewete, en Hy weet alles" (1 Johannes 3:18-20)! Hy ken die "waarom" en die "hoe lank nog" van elke situasie.